

# Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 8, NO 1 JANUARIE 2002

REDAKSIONEEL

## Julle voorgangers waak vir julle siele

Die begin van 'n nuwe jaar is die tyd van beplanning en voornemens. Ons lê ons toe op die gesin, die skool, die versorging van siekes en bejaardes, die besigheid, ons wetenskaplike besinning, die burgerlike samelewing. Daar is niks verkeerd met al hierdie planne nie, mits ons die belangrikste nie uit die oog verloor nie. Wat beplan ons vir die kerk, die huis van die lewende God? Wat plaas kerkrade en lidmate op die agenda van die jaar 2002?

Kom ons luister saam na enkele woorde uit die slotgedeelte van 'n preek. Ja, die brief aan die Hebreërs is 'n preek, 'n deur die Heilige Gees geïnspireerde verkondiging van die Woord. Die Gees sê vir al God se kinders wat planne maak en wat hul voornemens probeer verwerklik: 'Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie. Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles goed wil wandel' (Hebreërs 13:17-18).

Die Heilige Gees vra in hierdie verse ons aandag vir die voorgangers in die kerk, heel konkreet vir ons dominees, ouderlinge, diakens, professore van die Teologiese Skool en studente wat hulle vir die bediening van die Woord voorberei, ons toekomstige voorgangers. Die Gees kwalifiseer hierdie voorgangers as manne met 'n goeie gewete, manne wat in alles goed wil wandel. God sluit nie huurlinge en valse herders by sy geroepe voorgangers in nie.

Hoe ken ons die goeie voorgangers uit? Hulle is dienaars, herders onder 'die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus' (vers 20).

- As hulle praat, hoor ons die Here praat.
- As hulle troos, ervaar ons die versterking van die Vaderhand wat ons optel.
- As hulle vermaan, sien ons die staf van die Herder wat die dwalende skaap na die kudde teruglei.

Die werk van die getroue voorgangers in prediking, huisbesoek, diakonale sorg, opleiding tot die bediening van die Woord – dit alles vat die prediker vir die Hebreërs in een sinnetjie saam:

Hulle waak vir julle siele. Die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens vat die teks uit Hebreërs saam in die oproep tot die voorgangers: 'Wees soos wagters oor die huis van God; vermaan en vertroos elkeen na sy behoefte. Gee daarop ag dat die leer suiwer gehou word en dat die gemeente vroom lewe'.

Hulle waak vir julle siele: Ons dink vanself aan die profeet Esegjël wat deur die Here as brandwag aangestel is. As hy betyds teen gevaar (sondes) waarsku en die volk nie wil luister nie, dan het hy sy eie lewe gered. As hy egter mense ongewaarsku verlore laat gaan, dan gaan hulle verlore, maar dan eis God hulle bloed van die wagter (Esegjël 3:16; 33:8). Wagters oor die huis van God het 'n groot verantwoordelijkheid. As hulle nie die Here se troos, sy vermaning, sy stimulering van die amp van gelowige aan sy volk deurgee nie, dan eis die Here die bloed van sy volk wat ten gronde gaan, van daardie voorgangers. Hulle beërf nie die ewige lewe nie.

Voorgangers en toekomstige voorgangers (indien God nog 'n toekoms gee): Besin ernstig, persoonlik en saam, oor u roeping in die jaar wat reeds begin het. Vra uself af: Hoe sal ons die stem van die groot Herder van die skape laat hoor in opleiding, prediking, op huisbesoek, in diakonale sorg? Studente, wat begeer julle? Om te waak vir die siele? Inspanning vir hulle behoud en ywer in die diens van God? Dien onder die groot Herder? As julle ooit deur 'n gemeente en sodoende deur God self tot hierdie heilige diens geroep word – onthou die heerlike roeping en die verantwoordelijkheid van die brandwag.

Wat is die roeping van ons, die lidmate van die kerk? Wees gehoorsaam aan julle voorgangers. Kom nie in verset as jy vermaan moet word nie. Laat die getroue voorgangers hulle werk nie al sugtende doen nie, maar met blydskap. Volg die groot Herder wie se stem julle uit hulle monde hoor.

Dra die voorgangers voortdurend in gebed aan die Here op. Die Here versterk hulle nie omdat ons bid nie. Hy wil dit ook nie sonder ons gebed doen nie. Bid persoonlik en in gesinsverband vir die opleiding tot die bediening van die Woord, vir u predikant, u ouderlinge en diakens.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

### INHOUD

- 1 **Redaksioneel**  
*Julle voorgangers waak vir julle siele*
- 2 **Skrifoordenking**  
*Die gebed van Jabes*  
Ds GJ Meijer
- 4 **By die nuwe jaar**  
*Die ware gelowige ken geen vrees nie*  
Ds EJ Smit
- 5 **Opvoeding en onderwys**  
*Reageer uit geloof op die diktatuur in die onderwys*  
Dr JG Meijer
- 9 **Rekenaar en internet**  
*Bybelprogramme*  
*Theophilos, 'n Dopper in die wêreldstad (2)*  
Dr AH Bogaards
- 10 **Stemme uit die verlede**  
*Staatslotery*  
Dr JD du Toit (Totius)
- 11 **Persskou**  
• *PU sonder CHO?*  
Ds GJ Meijer

Kom ons beplan ons voorgaan en volg in die gemeente van onse Here Jesus Christus. Beplan as kerkraad hoe prediking en huisbesoek moet funksioneer tot bevordering van die diens van die gemeente onder die groot Herder. En laat ons, lidmate, ons voorneem om die woorde van

voorgangers nie te veronagsaam nie. Laat ons deur hulle gestimuleer word om in die hele lewe die groot Herder te volg, sy wil al hoe meer te leer ken en te doen. Dan sal die jaar 2002 'n seënryke jaar vir die kerke word. Dit belowe die Here.

## SKRIFOORDENKING

# DIE GEBED VAN JABES

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

1 Kronieke 4:9-10

**En Jabes was meer geëerd as sy broers; en sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar. En Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: As U my ryklik seën en my grondgebied vermeerder en u hand met my sal wees en U die onheil afweer, sodat geen smart my tref nie! En God het laat kom wat hy begeer het.**

Enkele maande gelede is 'n boek uitgegee met die titel *Jabes se gebed*. In Amerika is 4 miljoen eksemplare van dié boek verkoop. Hier plaaslik is die Afrikaanse vertaling ook in groot getalle opgeraap. Die skrywer, dr Bruce Wilkinson, sê in die voorwoord wat sy mikpunt met die boek is: 'Ek wil jou leer hoe om 'n waagmoedige gebed te bid wat God altyd verhoor'. Hy noem in die boek dat duisende gelowiges wat hierdie gebed daagliks bid, gereeld wonderwerke sien gebeur. Jy moet net die woorde van Jabes se gebed elke dag presies nasê, dan sal jy sien watter positiewe gevolge dit vir jou inhou. Jabes se gebed is die bloudruk vir 'n geseënde lewe, want Jabes het die regte formule gevind om God se seën te verkry - so beweer die skrywer.

As ons hierdie dinge hoor, tel ons gereformeerde voelhorings vibrasies op wat nie gesond is nie. Leer God ons werklik om 'n waagmoedige gebed te bid wat altyd deur Hom verhoor word? Wat dan van die bede in die Onse Vader: Laat u wil geskied? Wat van Paulus wat gesmeek het dat die doring uit sy vlees verwyder moet word - maar dit is nie; God se genade was vir hom genoeg. Is dit so dat 'n mens 'n gebed - selfs die 'Onse Vader' - elke dag soos 'n rypie kan opsê, en jy sal sekerlik geseën word? Wat van Christus se waarskuwing dat ons die Vader nie met 'n ydele, ondeurdagte herhaling van woorde moet belas nie? So kan ons die vroe opstapel. Tog bly ten minste een positiewe saak staan. Die aandag word op 'n uitnemende Skrifdeel gevestig wat vir vele Bybelleers minder bekend is, indien nie totaal onbekend nie.

## Die aanleiding tot Jabes se gebed

1 Kronieke 4:9 en 10 maak deel uit van 'n ellelange geslagsregister wat strek vanaf 1 Kronieke 1 tot by 1 Kronieke 9. Dit is waarskynlik die rede waarom Jabes se gebed so onbekend is, want ons neig om geslagsregisters oor te slaan as

ons Bybel lees. Eintlik word die lang ry name onderbreek met die paar opmerkings wat oor Jabes gemaak word. Die verse wat aan verse 9 en 10 voorafgaan, is tipiese geslagsregister-taal. Kos was die vader van Anub en Hassobeba en van die geslagte van Aharhel, die seun van Harum. In die verse wat op die teks volg, weerklink dieselfde taal. En Kelub, die broer van Suha, was die vader van Mehiri; hy is die vader van Eston.

Maar nou Jabes. Daar word niks gesê van wie sy pa was nie. Daar word ook geen melding gemaak van wie sy seuns was nie. Net dit: Jabes was meer geëerd as sy broers. En sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar.

Wat maak die HERE met hierdie enkele penne-streep oor Jabes se lewe aan ons bekend? Op die oog af nie baie nie. Maar tog - as ons mooi luister, heelwat. Eintlik klink dit wat hier opgeteken staan teenstrydig. Jabes was meer geëerd as sy broers. Hy het 'n uitnemende posisie in sy familie gehad. En dit, terwyl sy ma hom Jabes genoem het. Jabes beteken 'droog'. Droogte is 'n teken van ellende, swaarkry. Met sy geboorte het sy ma dus nie veel goeds vir klein Jabes in die vooruitsig gehad nie. Sy sien net donker nag vir hom voorlê. Wat dit betref sluit haar woorde aan by dié van Jakob se vrou Ragel. Met die geboorte van haar laaste seun het sy op sterwe gelê en gesê: noem hom Ben-Oni - seun van my smart. Maar Jakob het die kind Benjamin genoem - seun van die regterhand. Die verskil is beduidend.

Jabes se naam is egter nie verander nie. Wat meer is: Sy ma het ook gesê waarom sy hom Jabes noem. Want 'ek het met smart gebaar'. Wát die smart was, weet ons nie. Dit maak die HERE nie bekend nie. Dat die smart gróót was, is duidelik waarneembaar. En dat die smart waarna Jabes se ma verwys, 'n diep betekenis het, staan ook bo alle twyfel vas. Reeds in Genesis 3 is daar sprake van smart.

### VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

#### Voorsitter:

Dr AH van den Bout  
Tel (012) 332-2988  
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

#### Redaksie:

Ds ALA Buys  
A Juyn  
Ds GJ Meijer  
Dr JG Meijer  
Ds SJMS Smit

#### Eindredaksie:

Dr JG Meijer  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel (012) 329-1465  
E-pos:  
jgmeijer@cybertrade.co.za

#### Medewerkers:

Dr AH Bogaards  
Dr JM Boon  
Prof JC Coetzee  
Prof GJC Jordaan  
Dr AH van den Bout

#### Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel (012) 335-9134  
(Mev Hanneke Das)

#### Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904  
ABSA  
Pretoria Waverley Plaza

#### Intekengeld:

R 100 per jaar

#### Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

#### Tegniese versorging:

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina  
0031  
E-pos: printbur@mweb.co.za

Die HERE het ná die sondeval vir Eva gesê: Ek sal jou moeite en jou swangerskap grootliks vermeerder; met smart sal jy kinders baar. Jabes se ma neem hierdie woorde uit Genesis 3:16 so te sê onveranderd oor. Op sigself is dit nie vreemd nie. Die smart van Genesis 3:16 is deel van ons gebroke bestaan. Elke vrou wat 'n kind in die wêreld bring, kan daarvan getuig. Wat wel vreemd aan die uitspraak van Jabes se ma is, is dat sy slegs die helfte van die HERE se woord aanhaal. Het God nie ook gesê dat daar 'n einde gaan kom aan al die smarte nie? Uit Eva, wat met moeite gaan kinders baar, sal daar uiteindelik 'n Seun gebore word. Dié Seun gaan die kop van die slang vermorsel - en die mensdom van alle smart, alle hartseer en ellende en pyn verlos.

Op dié Seun wag die sugtende skepping met reikhalende verlange. Die verbondsvolk Israel wag in besonder. Want hulle is God se uitverkore volk. Uit hulle moet die Messias voortkom. Meer in besonder: uit die geslag van Juda. Dit het die gryse vader Jakob op sy sterfbed geprofeteer - Genesis 49: 'Juda, jy is dit! Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom. En aan Hom sal die volke gehoorsaam wees'. Juda is die koningstam in Israel. Vrouens uit die stam van Juda het dus in 'n sekere sin 'n meer bevoorregte posisie as vrouens van die ander stamme van Israel.

Maar Jabes se ma? Sy sien by die geboorte van haar seun niks van al hierdie dinge raak nie. Sy is 'n moeder in Israel, 'n vrou in die koningstam van Juda. Maar sy noem haar kind Jabes, 'droog'. Sy het geen uitsig op die toekoms nie. Van koninklikheid is daar geen sprake nie. Hoekom nie? Omdat sy slegs op 'n gedeelte van die verlede bou. Sy haal die smartwoorde uit Genesis 3 aan, maar sy verswyg die oorwinningslied van die moederbelofte. Sy staan stil by God se regverdige verbondsoordele, maar sy praat geen woord oor God se verbondsgenade nie. En so verloor sy visie. Haar suiwer geloofsperspektief is daarmee heen. Sy is nie met blydschap op pad na die koms van die Messias toe nie; intendeel, sy is weggesink in 'n bodemlose put van menslike ellende.

Let op wat die HERE hier aan ons bekend maak. Ons het te doen met verbondskinders van God. Moeder en kind mag geniet van God se verbondsgenade. Hulle leef op die verbondserf, waar die verbondswet sekuriteit gee. Die toekoms lê oop voor. Maar die geloofskrag ontbreek.

By hoeveel christene is dit nie geval nie? Ons is ryker as Jabes en sy ma, baie ryker. Die eerste koms van die Messias is verlede tyd. Kersfees lê agter ons. Christus se wederkoms is op pad. Ons dra sy erenaam: christen. Ons geniet van sy verlossingswerk. Ons leef uit die heerlike wete dat Christus die oorsaak van ons ewige honger en kommer weggeneem het toe Hy vir ons sondes gesterf het. Ons weet ook dat Hy ons tydelike bestaan op die hart dra. Om sy ontwil sal daar sonder die wil van ons hemelse Vader geen haar van ons kop val nie. Christus lei ons deur sy Woord en Gees. Ons word van alle kante omring deur genade. Ons kan die nuwe jaar met moed ingaan. Want ons weet dat die jare van ons lewe jare is wat God skenk.

Maar hoeveel christene hef nie alreeds vroeg in die jaar 'n smartlied aan nie? Daar word gefokus op alles wat verkeerd is, alles wat ons nie het nie, alles wat anders is as wat ons begeer. Ure word omgedink en omgepraat oor hoe sleg dit by die werk en in die onderwys en in die land gaan. Morge se sorg word voorsien. Die hartseer is: die negatiewe denke en gepraterij werk aansteeklik. Murmurerende ouers voed murmurerende kinders op. Jabes moes sy negatiewe naam lewenslank saam

met hom dra. Negatiewiteit van die een verwek negatiewiteit by ander. 'n Mens beland in 'n bose maalkolk. Waar gaan dit eindig? ...

## Die inhoud van Jabes se gebed

En Jabes het die God van Israel aangeroep. Ons kan ook vertaal: Máár Jabes het die God van Israel aangeroep - 'n duidelike teenstelling. Jabes se moeder roep haar nood uit. Maar Jabes self roep die almagtige God aan: God van hemel en aarde, God van alle sienlike en onsienlike dinge, God van Adam en Eva, God van die moederbelofte, God van Abraham, Isak en Jakob, God van die verbondsvolk Israel.

En luister wát bid Jabes. Sy gebed begin met die woordjie 'as'. Hy lê 'n gelofte af - soos Jakob in Genesis 28. As God met my sal wees om my te bewaar ... dan sal ek 'n huis van God bou, en aan God my tiendes gee - dit was Jakob se gelofte. Jabes kom nie by 'n 'dan' uit nie. In daardie opsig sny sy gebed nog dieper as Jakob se gelofte. Laat ons hoor wat Jabes bid, dan word die diepte van sy smeking vanself duidelik.

Hy vra vier dinge: As U my met seëninge seën; as U my grondgebied vermeerder; as U hand met my sal wees; as U die onheil afweer, sodat geen smart my tref nie. Die laaste deel van die versoek is besonder veelseggend. 'Sodat geen smart my tref nie' - dit staan lynreg teenoor die naam wat hy dra en dit wat sy ma met sy geboorte gesê het. Hy wat Jabes is, is van kleins af seun van smarte. Nou bid hy: God van Israel, weer die onheil van my af weg, sodat geen smart my tref nie.

Waarop kom Jabes se gebed dus neer? Hy verset hom teen sy ma se uitsigloosheid. Sy gebed getuig van geloof in die God van Israel. Hy hou vas aan God se héle verbondswoord en nie net die helfte nie. Dit blyk te meer uit die ander drie dinge waarvoor hy vra. Seën my met u seëninge, vermeerder my grondgebied, laat U hand met my wees - dit is alles beloftes wat God reeds aan Abraham toegesê het (Genesis 12). En God het dit by monde van die sterwende Jakob aan Juda bevestig (Genesis 49). Jabes beroep hom op God se verbondswoord. As U hierdie dinge waarvoor ek vra gee, o God van Israel, dan weet ek dat U u verbond in stand hou. Dan sien ek hoe die moederbelofte van Genesis 3 in vervulling gaan.

Jabes se ma het hierdie visie op die verbond gemis. Jabes self leef daarby. Dit is sy krag te midde van moeilike omstandighede. En tegelyk sy lewensuitkyk. Sy versoek om deur die HERE geseën te word, sy bede vir vermeerdering van grondgebied en vir bewaring is nie uit egoïsme gebore nie. Dit gaan nie vir Jabes daaroor dat hy maar net aangenaam moet leef terwyl ander mense kreppeer van ellende nie. Jabes is met sy gebed op die koms van Christus gefokus. Die dinge waarvoor hy vra, moet bydra tot Christus se koms in die vlees. Hoe kan die Verlosser kom as daar geen grondgebied vir Juda is nie, as daar geen seën van God op Juda rus nie, as God sy bewarende hand nie oor hulle uitstrek nie? In hierdie opsig is Jabes se gebed in lyn met die 'Onse Vader'. Christus leer ons bid: Gee ons elke dag ons daaglikse brood, vergeef ons ons skulde, lei ons nie in versoeking nie. Dit alles bid ons nie om onself te behaag nie. Ons bid dit sodat die Vader se Naam geheilig mag word, sodat ons kan diensbaar wees in sy koninkryk, sodat sy wil in ons lewens kan geskied.

Moet ons vandag Jabes se gebed soos 'n towerformule bid, met die verwagting dat God ons voorspoedig sal maak? Glad nie. Wie dit doen, verstaan nie die geheim van Jabes se gebed nie. Ons moet vir baie meer as Jabes bid. Want Jabes bid na

Christus toe. Ons bid van Christus uit. Dit beteken: Ons moet bid dat Christus se verlossingswerk kan deurwerk in hierdie wêreld. Ons moenie net bid vir seën in die huis, vir geseënde uitbreiding in die besigheid en 'n goeie jaar in die skool en op universiteit nie. Ons moet bid dat God ons in dit alles sal seën sodat ons 'n seën vir mense om ons kan wees - met die oog op die uitbreiding van God se koninkryk.

Sovele christene is uiters selfsugtig in hulle geloofslewe. Solank hulle 'n redelik aangename lewe op aarde het en weet dat hulle hemel toe gaan, is hulle tevrede. Die aandag is op die eie ek gefokus. Jabes leer ons anders. Ons ontvang sodat ons sal gee - die aandag fokus weg van die eie ek. Christenskap eis offers. Finansiële offers vir die kerk en die uitbreiding van God se Woord in die koninkryk. Maar baie meer nog manne- en vrouekrag offers. Aktiewe christenskap word gewys in betrokkenheid by die gemeenskap van gelowiges, voorbidding, meelewing, uitdra van die evangelie, hulp aan mense in nood. Ons moenie dink: Wat sal ander doen om uit te reik nie. Die vraag moet wees: Waar en hoe gaan ék hierdie jaar my offer bring?

... En God het laat kom wat hy begeer het. Daarmee sluit 1 Kronieke 4:10 af.

## Jabes se gebed word verhoor

Ook al was sy ma sonder hoop en uitsig, het Jabes gekry waarvoor hy gevra het. Hy was meer geëerd as sy broers - teen alle menslike verwagtinge in. Hy ontvang alles wat hy nodig het om diensbaar aan die koms van Christus te wees. Die smart waarvoor sy ma gevrees het, tref hom nie. Die God van Israel stel hom in staat om sy offers te bring.

Gebedsverhoring - dit is 'n Godswonder. Bygesê: 'n ondeurgrondelike Godswonder. Die skrywer van die boekie *Jabes se gebed* het die ondeurgrondelikheid probeer deurgrond - en misgetas. God gee nie altyd soos ons vra nie - dit weet ons maar al te goed. God gee wel soos wat ons nodig het om aan Hom diensbaar te wees. So kan God genesing van siekte gee - of nie. Hy kan welvaart gee - of nie. Hy gee soos dit Hom behaag. En dit wat Hom behaag is nie willekeurig nie. God behaag die goeie vir ons, sy kinders. Dit behaag Hom om hierdie wêreld na die eindoordeel te lei, en sy uitverkore kinders tot Hom te neem.

Dit wat God behaag, moet ons grootste begeerte wees. Dan sal die slot van 1 Kronieke 4:10 ook altyd vir ons van toepassing wees. Die hemelse Vader sal laat kom wat sy kind begeer. Solank ons begeertes, ons nuwejaarplanne, ons wense en ideale in sy verbondswoord gegrond en op Hom, die troue Verbondsgod, gerig is.

## BY DIE NUWE JAAR

# Die ware gelowige ken geen vrees nie

Ds EJ Smit, Pretoria-Magalieskruin

**Die uurglas vir die jaar 2001 het leeggeloop. Ons staan reeds oor die drumpel van die nuwe jaar. 'n Mens kan die afgelope jaar, as jy dit in oënskou neem, sekerlik tipeer as 'n jaar van vrees en onsekerheid, nie net in Suid-Afrika nie maar ook wêreldwyd.**

## Reeds aan die begin

Hierdie vrees en onsekerheid was reg aan die begin, ondanks al die opwinding wat 'n nuwe jaar meebring, reeds aanwesig. Toenemende misdaad en geweld, korrupsie en omkoperij binnelands, tesame met buitelandse terreur, het hierdie gevoel van vrees en onsekerheid laat uitkring na die staatkundige, volkekundige, opvoedkundige, ekonomiese, maatskaplike en godsdienstige terreine.

Ten slotte hang daar, by die jaarwisseling, 'n donker wolk van vrees en onsekerheid oor die meeste van ons. Moedeloosheid en pessimisme is te lees op baie gesigte; meer nog, baie mense is besig om boedel oor te gee, daar heers by hulle reeds iets van 'n ondergangstemming.

Vrees en onsekerheid is egter in wese niks anders as kleingeloof en ongeloof nie.

## Waar staan ons?

Die vraag is: Waar staan ons as gelowiges aan die einde van die jaar 2001 en in die begin van die jaar 2002?

Dit is hartseer, maar waar, dat baie van ons ook onder die vreesagtiges tel. Dit weet ons op grond van ons gesprekke met mekaar gedurende die afgelope jaar.

## Waar kom vrees vandaan?

Vrees en onsekerheid kom nie van God af nie. Paulus skrywe in die verband aan Timoteus: '...God het nie aan ons 'n gees van vreesagtigheid gegee nie...' (2 Timoteus 1:7).

Waar kom vrees dan vandaan?

Dit is niks anders as die eerste vrug van die sonde nie. Nadat Adam en Eva gesondig het, het hulle bang geword en gaan wegkruip (Genesis 3:10). Die oomblik toe die mens vanweë sy sonde van God vervreem geraak het, het die liefde wat daar in sy hart was, plek gemaak vir vrees. Vrees wat 'n mens van God af laat wegvlug, bring mee dat jy Hom uit die oog verloor, dat jy Hom nie meer ten volle vertrou nie.

Jy glo jy moet self sorg, self planne maak om jou lewe op koers te hou. Dit is wat Adam en Eva ook dadelik begin doen het.

Vrees skend nie net die mens se vertrouensverhouding met God nie, maar ook met mekaar. Mense is nie net vir God bang nie maar ook vir mekaar.

Hierdie vreesgevoel buit Satan uit om die mense al verder van God en van mekaar te vervreem.

Dit is wat ons ook hier in ons land belewe.

## Ongeloof

Wie daarin volhard om in vrees en angs te lewe, verval ten slotte in 'n staat van totale ongelooft. Daarom teken Johannes vir ons die vreesagtiges saam met die ongelowiges, die gruwelikes, die moordenaars, die hoereerders, die towenaars en die afgodediensaars en dan sê hy: 'hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood', die ewige dood (Openbaring 21:8). Wie vrees, is verlore, vir ewig!

## Wat God wel gee

Wat het God wel aan die gelowige gegee? Paulus skrywe: Hy gee die Gees '...van krag en liefde en selfbeheersing' (2 Timoteus 1:7).

### Krag (gewerk)

Wat hou die gelowige hier te midde van stryd en moeite, van teleurstelling en teëslae, van vervolging en verdrukking staande? Wat laat hom koershou selfs in die grootste krisis? Net sy geloof.

Uit die krag van sy geloof leef hy in die vaste vertroue dat God alles beskik en bestier in die lewe van elke mens. Hy is in beheer en Hy regeer, ondanks wat mense sê of dink. Hierdie geloof word deur die Heilige Gees in die hart van God se kind gewerk en versterk deur die verkondiging van die Woord.

### Liefde (uitgestort)

By die geloof voeg God ook die gawe van liefde (Romeine 5:5b). Van hierdie liefde skrywe Johannes: 'Daar is geen vrees in die liefde nie; maar volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees het nie volmaak geword in die liefde nie' (1 Johannes 4:18).

Gelei deur die liefde wat in sy hart uitgestort is, lewe die gelowige vreesloos. Niks kan hom of haar skei van die liefde van God wat daar in Jesus Christus is nie. Deur die inspanning van die liefde vergeld die gelowige nie kwaad met kwaad nie,

maar oorwin hy die kwaad deur die goeie, dit is die liefde. Die gelowige koester nie wraakgedagtes nie; nee, hy weet die wraak kom God toe en Hy sal die kwaad vergeld (Romeine 12:9–21).

### Selfbeheersing (vrug)

God het, om ons tot elke goeie werk in staat te stel, nie net aan ons geloofskrag en liefde gegee nie, maar ook selfbeheersing. Paulus noem dit in sy brief aan die Galasiërs (5:22) 'n vrug van die Heilige Gees.

Saam met geloofskrag en liefde vorm dit deel van die toerusting wat God aan sy kind gee om staande te bly in die stryd. Geloofskrag en liefde kan alleen sinvol ontplooi as dit gepaard gaan met selfbeheersing.

Waar selfbeheersing ontbreek, kry jy bandeloosheid. En soos selfbeheersing 'n teken van egte geloof en liefde is, is bandeloosheid 'n teken van naakte vrees en haat.

Wie te midde van misdad en geweld, te midde van terreur met selfbeheersing optree, is meer as oorwinnaar.

## Hoef nie bang te wees nie

Kyk ons in die lig van die drie gawes wat God aan ons gegee het terug op die jaar wat verby is en vorentoe op die jaar wat ons ingegaan het, dan weet ons dat die vrese wat ons in ons omgedra het, en nog in ons omdra, alleen te wyte is aan die feit dat ons nie die gawes wat ons ontvang het, gebruik nie. Dat ons God nie te alle tye en onder alle omstandighede ten volle vertrou het nie. Dat ons self koers en rigting aan ons lewe wil gee in hierdie krisistye.

As ons die ontvangde gawes reg gebruik, kan en sal ons nooit bang wees nie. Kom ons stap die nuwe jaar in met dié voorneme in ons hart: Here, ons gaan die gawes wat U ons gegee het, gebruik tot U eer en tot nut en voordeel van ons naaste.

Geseënde en voorspoedige nuwe jaar!

## OPVOEDING EN ONDERWYS

# Reageer uit geloof op die diktatuur in die onderwys

Dr JG Meijer, Pretoria

**Die owerheid verban die roede uit die skool. Hy stel 'n wet wat lyfstraf verbied. 'n Appèl op die Konstitusionele Hof slaag nie. Die regters spreek uit: Die wet word gehandhaaf. In dié situasie gee ons blad voorligting. Die Here gebied in sy Woord die gebruik van die roede. Die owerheid verbied wat Hy beveel. Watter een van die teenstrydige opdragte moet ons uitvoer? Antwoord: Ons moet God liefhê bo alles, aan Hom meer as aan die mense gehoorsaam wees.<sup>1</sup> 'n Leser protesteer: Hier word die gesag van die owerheid ondermyn, revolusie gepropageer.<sup>2</sup> Hy kry antwoord. Die akuele vraagstuk oor die grense van die gesag word uitvoerig in die sewende jaargang van ons blad behandel.<sup>3</sup> Dié reeks word hiermee afgesluit.**

Dit woel en gis in ons onderwys-wêreld. Onderwysdepartemente neem voortdurend nuwe maatreëls en stel telkens nuwe eise. Owerhede span hulle in om 'n steeds sterker houvas op die onderwys te kry. Ons stel die vraag: Bo en behalwe die verbod van lyfstraf in die skool – mag die minister en sy departemente (nasionaal en provinsiaal) optree soos ons meermale in die media verneem? Gee die Here hulle bevoegdheid daartoe?

Om hierdie vraag skriftuurlik te beantwoord, besin ons punts-gewys oor die volgende:

- maatreëls wat ons owerhede neem en eise wat hulle stel,
- hulle aansluiting by die verlede (die onderwys in die Ou Suid-Afrika),
- die grens wat die Here in sy Woord aan hulle gesag stel,
- hulle oorskryding van dié grens,
- die owerheid se roeping in die onderwys en
- hoe ons in gehoorsaamheid aan God kerklik en in die amp van gelowige behoort op te tree.

1 Sien die artikel 'Christelike skole sonder roede?', *Waarheid en dwaling* 6(10), 2000:6-7.

2 'Weg met die roede', *Waarheid en dwaling* 7(1), 2001:9-10.

## Onderwys in die greep van die owerheid

Maatreëls wat van owerheidsweë in die onderwys getref word en eise wat die minister van onderwys stel, neem die afgelope jaar steeds meer toe. Die *kurrikulum* wat die minister voorskryf, dien om die sogenaemde reënboognasie ideologies te versterk. Skoliere moet leer om deur multi-godsdiensstige onderrig alle godsdiensposities te waardeer. Afgode word met die ware God gelykgestel.

Die wet van God? Leerlinge ontvang volgens voorskrif kondome vir 'veilige seks'. Die seksuele voorligting wat die minister vir die onderwys voorskryf, druis teen die wet van die Here in.

*Taalvoorskrifte* vir die onderwys tas die vryheid van taalgebruik aan. Die *ouderdom-bepערking* by toelating tot die primêre onderwys lok 'n hofspraak uit. Dié besluit van die minister word deur die gereg nietig verklaar. In die tersiêre onderwyssektor stel die minister *raadslede* van universiteite aan. Die PU vir CHO moet genoeg neem met een of meer raadslede wat nie die Christelike grondslag van die universiteit onderskryf nie.

Die jongste ontwikkeling van die verregaande inmenging in onderwysaangeleenthede? Die minister voeg drie tersiêre onderrig-instellings saam: Unisa, die afstandonderrig van Vista en die Technikon Suid-Afrika. Hy stel ook 'n nuwe raad vir dié nuwe universiteit *Olusa* aan. *Olusa* is die akroniem vir Open Learning University of South Africa, vanselfsprekend 'n Engelse naam in die nuwe Suid-Afrika. Unisa dreig met 'n hofspraak hieroor. Die minister is bereid om die saak twee maande uit te stel, mits Unisa sy hofspraak terugtrek.

Met name die behoudende *Afrikaners* en die *Christelike godsdiens* moet dit ontgeld. 'n Provinsiale owerheid skors die hoof en die onderhoof van die hoërskool op Ermelo en ontbind die beheerliggaam van dié skool sonder grondige voorafgaande ondersoek. Daarom stel die Hooggeregshof Pretoria daardie skorsings en ontbinding tersyde.

Kinders van God wat hulle kinders tuis onderrig, word deur die minister as fanatiese, paranoïese Christene gebrandmerk.

Owerhede oefen 'n steeds sterker druk op die onderwys uit. Hulle gryp na die jeug. Hulle stel alles in die werk om die jongeres, die toekomstige leiers, in 'n ideologiese, antichristelike eenheid saam te snoer. Die onderdane word nie slegs van burgerlike vryheid nie maar selfs van hulle belangrikste vryheid, die vryheid van godsdiens, in die onderwys beroof.

Onderwys in die greep van die staat is egter nie 'n nuwe uitvindsel van die ANC-regering nie. Die bogenoemde bemoeienis met die onderwys vloei net so uit die verlede voort. Om die owerheid se greep na die onderwys eerlik en skriftuurlik te beoordeel moet ons ook daardie verlede in die visier kry en in ons beoordeling betrek.

## Die staatskooltradisie in Suid-Afrika

Sedert die Smutswet van 1907 ontvang die kinders in ons land onderwys van die staat. Die wysiging van die onderwyswet in 1967 verander nie hierdie beginsel nie. Die staatskool bly. Die regering stel die onderwys wat hy aanbied, as die 'normale' onderwys voor. Onderwys in die greep van die staat ...

Kerklike deputate, onderwysorganisasies en -kongresse span hulle in om aan die onderwys in die staatskool 'n Christelike karakter te gee. Die owerheid aanvaar sommige van hulle voorstelle. Ook die aksie vir Christelike Nasionale Onderwys (CNO) werp vrugte af.

Na 1907 berus die volk aanvanklik by die staatskool. Na die berusting volg stilswyende aanvaarding. Die mense raak tevrede met die beheer van die staat oor die onderwys en beoordeel nie meer die inhoud daarvan nie.

Ouerskole wat gelowiges in die lig van hulle doopbelofte stig en ook kerkskole word deur die regering tot in die tagtigerjare van die vorige eeu slegs node verdra. Hulle moet in hulle belasting bydra tot die instandhouding van die staatskool. Die regering verleen geen subsidie vir die onderwys in privaatkole nie. Die ouers en ander ondersteuners van die skool mag selfs nie die bydraes vir hulle skole van hulle belasbare inkomste aftrek nie. Wie onderwys buite die staatskool aanbied, moet dit op eie koste doen en boonop sy deel vir die staatskool bly bydra.

Onderwys in die greep van die staat. Dit is die stelsel wat die ANC-regering van sy voorgangers uit die verlede oorgeneem het. Die vraag kom na vore: Is die staatskool as 'normaalskool' reg? Mag gelowiges die stelsel van die staatskool sonder kritiek aanvaar?

## Die gesag van die owerheid is beperk

In Romeine 13:1-7 ontvang elke mens die opdrag om hom aan die burgerlike owerhede te onderwerp. Dié perikoop begin met God se openbaring oor 'die magte' (gesagdraers). Let wel: In die eerste vers staan daar nie die woord 'mag' nie, maar 'magte', gesagdraers (meervoud). Al die magte 'wat daar is, is deur God ingestel'. Romeine 13 wat oor die gesag van die burgerlike owerhede handel, open met 'n veel wyer perspektief. *Alle gesag op aarde kom van Bo.*

Dit beteken: Die Here gee verskillende bevoegdhede aan verskeie ampsdraers. Hy versprei die gesag op aarde. Buite Hom en sy Seun het geen lewende wese alle gesag nie. Elke gesag op aarde is *beperkte* gesag. God beklee ouers in die gesin, ouderlinge in die kerk, owerhede in die burgerlike samelewing, werkgewers in die maatskappy, elkeen met sy of haar eie gesag. God stel nie die een gesagdraer *bo* die ander nie. Nee, Hy plaas hulle *langs* mekaar. Daarom is enige heerskappy van die staat oor die kerk, van die kerk oor die staat, van die staat oor die maatskaplike gesagdraers en enige heerskappy van die kerk en van die staat oor die amp van ouer 'n weerstand teen die gesag wat die Here ingestel het.

Geen gesagdraer het dus die reg om in die bevoegdheid van ander gesagdraers in te dring nie. 'n Owerheid wat in normale omstandighede enigins in die amp van die ouers inmeng, beroof hulle van die kroon waarmee die Allerhoogste hulle versier. Dit is miskenning en berowing van, asook verset teen die gesag wat die Here uitdruklik en alleen aan ouers verleen.

Elkeen wat hom revolusionêr verset teen die gesag waarmee die Here gesagdraers in gesin, kerk, nasie en maatskappy beklee, weerstaan die instelling van God; 'en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang'<sup>4</sup>. Hierdie dreiging rig die Here tot alle mense, ook tot owerhede wat in ander gesagdraers se posisies indring.

Die gesag van die owerheid strek ver. Hy het seggenskap oor al sy onderdane. God roep die owerheid om sy reg in die land te handhaaf, desnoods met die swaard. Onder sy gesag behoort die burgers sodanig beskerm te word dat elkeen onverhinderd sy en haar amp en beroep gewillig en getrou kan uitvoer.<sup>5</sup>

3 Die artikels in die rubriek 'Aktueel', *Waarheid en dwaling* 7 (2, 4, 5, 8) en in die rubriek 'Opvoeding en onderwys', 7(9 en 11/12), 2001.

4 Rom 13:2.

5 HK, antw. 124.

Die verstrekkende gesag van die owerheid is nietemin beperk. Sy seggenskap gaan oor die openbare lewe. Behalwe sy sorg vir wet en orde behoort die owerheid die algemene welsyn van die land en sy bevolking te bevorder. Ekonomiese, tegniese en ander prosesse moet tot eer van God in stand gehou en ontwikkel word volgens die opdrag wat God aan die mens in die paradys gegee het, die sogenaamde kultuurmandaat.<sup>6</sup>

Het die owerheid wat handhawing van reg en orde, asook die algemene welsyn van die land en sy inwoners behartig, enige taak ten opsigte van die onderwys? Indien wel, wat is die grens van sy gesag oor die onderwys?

## Die owerheid het 'n onderwystaak

Om aan die kultuuropdrag te kan voldoen, is dit vir die welsyn van die land en die bevolking noodsaaklik dat jongmense die nodige kennis, insig en vaardighede opdoen. Kennis sonder meer is onvoldoende. Die bybring van insig en vaardighede rond die onderrig af. Jeug wat nie die nodige onderrig ontvang nie, kan in volwassenheid geen bydrae tot ontwikkeling lewer nie. So verval die land en die samelewing in die toekoms.

Owerhede het die taak om dié verval te voorkom. Onderrig van die jongmense is dus 'n saak wat die toekomstige welsyn van die land direk raak. Om hierdie rede het die owerheid sekerlik 'n taak met betrekking tot die onderwys. Die vraag is maar net: Watter taak? En waar lê die grens van sy taak?

## Twee pole

Met die oog op die owerheid se plig insake die onderwys is daar twee pole, twee uiterstes om te vermy. Deur kortliks aan die twee pole aandag te skenk, kry ons die taak van die owerheid in die onderwys en die grens wat die Skrif aan sy opdrag stel, duidelik voor oë.

### Die owerheid onttrek hom aan die onderwys

Die owerheid kan hom om verskeie redes aan die onderwys onttrek. Sommige owerhede doen dit sonder bepaalde redes. Hulle sien nie die belang van onderrig in die raamwerk van ontwikkeling in nie. Talle lande in Afrika en Asië het geen leerplig nie. Hele volke bly gevolglik straatarm.

'n Ander owerheid kan die burgerlike vryheid oorbeklemtoon. Hy laat die onderwys van die jeug aan die ouers oor en onttrek hom aan sy verantwoordelikheid om die algemene welsyn deur verpligte onderrig te bevorder.

Onttrekking aan die onderwys deur regerings veroorsaak chaos. Sommige ouers laat hulle kinders na hul vermoë die nodige en gewenste onderrig ontvang. Ander volstaan met minimale onderwys. 'n Derde groep laat hulle ongeletterd opgroeï.

Die resultaat? 'n Toekomstige generasie wat onvoldoende toegerus is om voort te bou op dit wat die vorige geslag nagelaat het. Verval tree in. Die bevolking is deur nalatigheid van die owerheid om leerplig in te stel nie in staat om die nodige werksaamhede te verrig nie. So kom die onvoldoende toegeruste en die ongeletterde deel van die bevolking in stryd met die agste gebod van God se wet wat aan die mense opdra om hul werk getrou te doen.<sup>7</sup> Die land verarm omdat mense nie met hulle Godgegewe talente woeker nie. Geen owerheid mag dit toelaat nie.

### Die owerheid annekseer die onderwys

Die teenpool van die owerheid se onttrekking aan die onderwys is die anneksasie van die onderwys deur die regering. Hy

plaas die kinders in sy staatskool. Hy skryf die inhoud van die onderrig voor. Hierdie owerheid is nie soos dié van sy teenpool nalatig nie. Hy beywer hom vir die ontwikkeling van die jong bevolking tot die vereiste vlakke.

Hierdie anneksasie van die onderwys geskied egter ten koste van die burgerlike vryheid en roeping. Owerhede wat staatskole as 'normale' skole beskou, misken die amp van die ouers. God gee nie aan regerings nie, maar aan die ouers die taak van opvoeding en onderrig. Dit is 'n deurlopende opdrag. Vader en moeder kry nie 'n oomblik vakansie van hulle opvoedingplig nie.<sup>8</sup>

Regerings wat die onderwys annekseer, beroof die ouers gedurende die grootste deel van die hele werkweek van die deurlopende opvoeding-taak wat God aan hulle opgedra het. Ook al gee die owerheid in sy onderwysbeleid sekere bevoegdhede aan die ouers, is en bly sy anneksasie van die onderwys – hoe vroom of goddeloos bedoel – inmenging in die oueramp. So 'n regering eien ouers se verantwoordelikheid aan hulleself toe.

Die staatskool as 'normaalskool' is in stryd met alles wat die Bybel oor die amp van die ouers leer. Owerhede wat ontwikkeling van dié skool bevorder, oorskry die grens van die gesag wat hulle van Bo ontvang het.

Ons staatskool sedert 1907 berus nie op enige skriftuurlike beginsel nie, maar wel op marxisties-sosialistiese uitgangspunte. Die owerheid, 'vadertjie staat', dring ongeoorloof in die gesag van ouers (en ander) in. Hy laat dit voorkom dat sy onderdane sy kindertjies is. In werklikheid beroof hy hulle van hulle vryheid en roeping. Onderdane word die regering se slawe. Hulle lewe (wat die onderwys betref) onder die diktatuur.

Hierdie sosialistiese onderwysstelsel wat die ANC-regering in die jaar 1994 geërf het, pas hom soos 'n handskoen. Hy aanvaar die staatskool. Dit is die instrument wat by uitstek geskik is om sy ideologie van die reënboognasie en van sy antichristelike godsdienste-waardering in die koppe en harte van die jeug in te dril.

## Die owerheid se roeping in die onderwys

Die owerheid mag hom nie aan die onderwys onttrek nie. Hy mag ook nie die onderwys annekseer nie. Wat behoort die owerheid dan wel in die onderwyssektor te onderneem? 'n Onderwysbeleid in ooreenstemming met die Skrif bring ten minste die volgende vier sake in berekening.

### Leerplig

Die eerste roeping van die owerheid in 'n ontwikkelde land is om *leerplig* in te stel. Dit is noodsaaklik met die oog op die toekomstige welsyn van die land en sy inwoners. Elke onderdaan moet onderrig ontvang om as volwassene sy amp en beroep getrou te kan uitvoer. Dit is die eis van die agste gebod.

### Ouerskole

Die tweede roeping van die owerheid is om die stigting en instandhouding van skole aan die ouers oor te laat. Onderwys volgens die doopbelofte word deur die ouers onderneem. Hulle laat hul kinders onderrig. *Ouerskole* is derhalwe die normale skole. Sodoende eerbiedig die owerheid die oueramp en ook die burgerlike vryheid, selfs van ongelowige ouers.

6 Gen 1:26-28; 2:15.

7 HK, antw. 111.

8 Deut 6:7; vgl. onder meer Ps 78:3-7 en Ef 6:4.

## **Verskeie ouerskole**

Die owerheid se derde taak het betrekking op al sy onderdane. Hy reël wet en orde vir *gelowiges en ongelowiges*, vir die koring en die onkruid uit die bekende gelykenis. Waar die kerk verplig is om die onkruid, 'die kinders van die Bose' met die Woord te bestry en uit haar midde te verwyder, geld vir die owerheid die opdrag: 'Laat altwee', koring en onkruid, 'saam groei tot die oes toe'.<sup>9</sup> Die owerheid se amp is beperk. Hy mag nie sy krag en geweld aanwend om 'n geloof of ideologie af te dwing nie.<sup>10</sup> Die Here roep hom 'om die heilige Woordbediening te beskerm', sodat die kerk die afgodery en valse godsdiens (die onkruid) in die krag van die Heilige Gees met die Woord kan teengaan en uit haar midde wegdoen.<sup>11</sup>

Die owerheid het wel 'n roeping ten opsigte van die onkruid. Hy verrig sy diens in die openbare lewe.<sup>12</sup> Daar, in die openbare lewe, mag die onkruid die koring nie oorwoeker nie. Die regering het as reël nie die reg om hom met privaatsake van sy burgers te bemoei nie. Burgerlike owerhede mag nie enige groep ouers verhinder om hulle kinders volgens hulle eie lewensooruiging op te voed en te laat onderrig nie.

Moslems, Hindoeïste, humaniste en alle ander ouergroepe wat nie teen skriftuurlike wet en orde ageer nie, behoort derhalwe net soos christene (met belydenisse wat mekaar oor en weer uitsluit), die geleentheid te ontvang om hulle kinders in hulle 'geloof' of lewensooruiging te laat onderrig.

## **Openbare skole**

Die vierde roeping van die owerheid geld vir ouers wat nie skole stig of tuisonderrig aanbied nie. By nalatigheid van ouers stig die owerheid *openbare skole*, staatskole, ten einde die ontstaan en groei van ongeletterdheid in die land te voorkom.

Volgens die leer van die Skrif oor die verskeidenheid en die grense van die ouer-, ouderlinge- en owerheidsamp is skole wat van die ouers uitgaan, normale skole. In die Skriflig is die staatskool die uitsondering, gestig weens nalatigheid van ouers.

## **Skriftuurlike elemente van 'n owerheid se onderwysbeleid**

'n Owerheid se beleid vir onderwys bevat in die lig van die bostaande ten minste die volgende sewe elemente:

- Leerplig van kinders tot 'n vasgestelde ouderdom, byvoorbeeld tot 16 jaar (leerplig hou in: Die owerheid finansier wat hy eis).
- Die peil of vlak wat onderwys in vasgestelde stadiums moet bereik.
- Die akademiese vereistes waaraan onderwysers moet voldoen.
- Eerbiediging van die oueramp en die reg van groepe in die bevolking om eie skole wat aan bogenoemde vereistes voldoen, te stig en in stand te hou.
- Toesig oor onderwys wat van ouers uitgaan, ten einde te bepaal in hoeverre aan die hierbo genoemde vereistes van die owerheid voldoen word.
- Stigting en instandhouding van openbare skole vir kinders wie se ouers nie die onderwys ter hand neem nie.
- Eweredige voorsiening van finansies in ouer- en openbare skole op die voorwaarde dat hulle aan bogenoemde vereistes van die owerheid voldoen (byvoorbeeld deur toekenning van subsidie per kind).

## **Wat moet ons doen?**

Die christene in ons land moes al in 1907 teen die bestaande

staatskool geprofeteer het en die regering opgeroep het om die amp van ouers te eerbiedig. Wat kan en moet hulle omtrent 'n eeu later doen?

Solank as wat ons in die hede van genade lewe, is dit Goddank nie te laat om gehoorsaam in die kerk en die koninkryk van God op te tree nie. Wie met die bostaande saamstem, bely eerstens skuld aan die Here. Deur die staatskool te aanvaar, het ons as ouers ons amp en roeping versaak. Ons het nie ons doopbelofte in die onderwys nagekom nie. Ons het nie self ons kinders na ons vermoë laat onderrig nie. Ons het die skoolonderrig – ons taak – aan die regering toevertrou. Here, hoor. Vader, vergewe ons.

Wie glo dat onse Vader vergewe, gaan vanuit die vergewing handel en wandel. Ons vra nie wat vandag haalbaar is nie, maar steek die hande uit die moue. Ons tree sowel in die kerk as in die koninkryk van die Here op en doen wat Hy van ons vra.

## **Die kerke profeteer**

Die kerke kom in hulle kerkorde ooreen om in voorkomende gevalle voor die owerheid te getuig.<sup>13</sup> Die onderwys van ons kinders is 'n saak wat, by wyse van prioriteit, ons aandag moet hê. Dink aan die doopbelofte. Laat ons as kerke in die lig van hierdie artikelreeks aan die owerheid sy roeping en die grens van sy gesag insake die onderwys voorhou. Profesie bedien die Woord in ons konkrete situasie.

## **Kom die doopbelofte na en sien daarop toe**

Die werk wat voorlê in die koninkryk van God? Dis baie. Dit kan na al die bostaande kortliks saamgevat word.

Ouers, u het by die doop van elkeen van u kinders belowe om hierdie kind in die leer van die Skrif en die kerk na u vermoë te onderrig en te *laat* onderrig. Kom die belofte eenvoudig na. Kinders is u kinders, in die huis en in die skool, nie die staat s'n nie.

Predikante en ouderlinge, verleen geestelike bystand aan die ouers wat die Here onder u toesig geplaas het. Ook u, kom u belofte na: Sien toe dat die ouers die skoolonderrig in die vrees van die Here laat geskied.<sup>14</sup>

Wat van wette wat ons dwing om teen Gods Woord in te gaan? Ons sal aan God meer as aan owerhede gehoorsaam wees. Daarom wys ons die staatskool as die 'normale' skool af. Ons, nie die staat nie, moet ons kinders onderrig en laat onderrig.

Ons handhaaf ons in gereformeerde ouerskole die skriftuurlike gebruik van die roede. Ooreenkomstig die goddelike voorskrifte in die Spreukeboek.

Ons bly bely: Daar is een weg tot die saligheid, een Naam deur Wie ons gered kan word, die Naam van Jesus Christus. Daar is een God en daarom geen positiewe waardering van 'afgodedienste' nie.

Ons aanvaar nie nie-christene op die raad van 'n christelike universiteit nie, en, en ...

Ons vrees God, ook as ons die koning (die owerheid) in sy onderworpenheid aan die Koning van alle konings eer.

9 Matt 13:30, 38-43.

10 Vgl. Sag 4:6.

11 NGB, art. 36.

12 Sien onder meer Ps 2; Rom 13:3-7.

13 KO, art. 28.

14 KO, art. 21.



# Bybelprogramme

## *Theophilos, 'n Dopper in die wêreldstad (2)*

Dr AH Bogaards, **Daniëlskuil**

### **Theophilos – 'n Dopper in stad Internet en op u rekenaar**

Die Internet en die rekenaar bied geweldige geleenthede om die gereformeerde leer in die wêreld uit te dra én om jou eie kennis daarvan te verdiep.

Die Bybelprogram Theophilos is hierin 'n wonderlike hulpmiddel.

Op my tuisblad het ek 'n afsonderlike afdeling waar ek goeie gereformeerde stof in Theophilos-formaat plaas. Dit is daar vir enigiemand om af te laai en te gebruik: vir gereformeerdes en nie-gereformeerdes, vir gelowiges en ongelowiges.

Dit is vir my 'n kans om die suiwer reformatoriese leer op die straathoeke van stad Internet uit te dra.

Met die oog daarop probeer ek om goeie gereformeerde stof te versamel en te verwerk vir Theophilos.

Ek probeer my bes om Theophilos 'n goeie Dopper en 'n egte Calvinis te maak.

#### **'n Hulpmiddel vir Bybelstudie**

Dit spreek vanself: Enige Bybelprogram is 'n uiters waardevolle hulpmiddel vir Bybelstudie. Dit bied u 'n uiters kragtige konkordansie waarmee u woorde en tekste kan opspoor en Skrif met Skrif kan vergelyk.

Met Theophilos het u boonop die voorreg om goeie gereformeerde literatuur (die belydenisskrifte, die Psalms, die Institusie van Calvyn en ander stof) te kan navors.

Theophilos is 'n eenvoudige program – eenvoudiger as *Online Bible*, 'n ander baie gewilde gratis program – en nogtans baie kragtig.

#### **Ook 'n kerkregtelike**

Met die toestemming van dr Jan Visser het ek sy *Die kerkorde in praktyk* op my tuisblad en CD gesit.

Dit is ongelooflik gerieflik wanneer 'n mens moet voorberei vir kerklike vergaderings of as jy sommer navorsing wil doen oor wat die kerkorde oor 'n saak sê.

#### **Uiters aktueel vir vandag**

Ek wil een voorbeeld vir u noem om u te laat sien hoe aktueel Theophilos vir u vandag is.

Onlangs het die Psalmomdigting van T.T. Cloete en andere verskyn.

Om u te help om hierdie omdigting te kan beoordeel, het ek verskillende Nederlandse berymings (die 1773-, 1968- en 1984-berymings en die beryming van Petrus Datheen) op my tuisblad geplaas. Nou kan u die nuwe omdigting vergelyk met Totius se beryming en hierdie ander berymings.

Ek het verder vir my persoonlike gebruik – vanweë kopiereg mag ek dit nie versprei nie – die Nuwe Psalmberyming met 'n aftaster (scanner) op rekenaar gesit en omgewerk vir Theophilos. Nou is dit vir my moontlik om woordopsporings te kan doen en om te vergelyk hoeveel keer Totius 'n woord gebruik en hoeveel keer dit by Cloete voorkom.

Ek het byvoorbeeld gaan kyk hoeveel keer daar in die Totius-beryming sprake is van die wraak van God (wreek, wraak en wraakvuur). As ek reg getel het, is dit tien keer. In die omdigting van Cloete kom die woord 'wraak' net twee maal voor en dan gaan dit om die wraak van mense (Ps. 7:1; 109:2). In die Cloete-omdigting word daar ook nooit gepraat van die haat van die HERE teen die sondaar nie, wel van sy haat van die sonde. So dig Cloete Psalm 11 vers 4 om met 'Hy haat die onreg en geweld', terwyl Totius dit berym: 'Die HERE .... haat hom wat vir geen gewelddaad vrees'. En in Psalm 45:5 berym Totius: 'U min geregtigheid, maar haat die onreg met die onregsdad'.

Daar word soms beweer dat Totius net die Nederlandse beryming van 1773 vertaal het. Met Theophilos het u die kans om die twee berymings langs mekaar te plaas. Dan sal u sien dat die stelling ver van waar is. As u Psalm 1:4, 65:1 en 42:1 van die 1773-beryming naas die Totius-beryming plaas, sal u 'n groot verskil sien. Totius gebruik ook nooit Godsdname soos Opperheer nie, wat die 1773-beryming wel doen.

Dit is verder interessant om te sien dat moeilike woorde in die woordelys van wyle prof. PW Buys by Totius se beryming ook in die Nuwe Psalmberyming voorkom. Ek dink aan woorde soos wesensgrond en gramskap.

Voorts beoog ek om aktuele artikels oor die Totius-beryming en die Cloete-omdigting te versamel, sodat u in u bestudering van hierdie berymings materiaal voorhande kan hê om die berymings te kan bestudeer en beoordeel.

Ek gebruik dus die moontlikhede van Theophilos en my tuisblad om in hierdie belangrike saak die kerk van diens te wees.

**'N RAND PER WEEK VIR DIE BIBLIOTEEK**

*Is u al aktief? (Sien vorige maand se redaksioneel)*

# ‘n Rand per week vir die biblioteek

In die Augustus-uitgawe van die vorige jaargang is belowe om die lesers gereeld oor die stand van die Hammanskraalse biblioteekfonds in te lig. Daar is voorgestel: Jongmense kan – elkeen in ‘n klein wyk – ‘n rand (of meer) per week vir die biblioteek by elke adres in die gemeente insamel.

In ‘n gesprek hieroor het enkele broeders nog ander metodes van moontlike fondsinsameling voorgestel. Hulle sê: Kerkrade van gereformeerde kerke kan mededelings oor die belangrikheid van die biblioteek in hulle nuusbriewe publiseer. In aansluiting daarby kan fondsinsameling deur die jeug of die susters of ‘n komitee bevorder word deur

- ‘n kollektebus vir hierdie doel by die ingang van die kerkgebou te plaas of
- van tyd tot tyd met toestemming van die kerkraad ‘n kollekte vir die biblioteek na die erediens in te samel.

Liefde vir ‘n saak maak vindingryk. Wie nog ander metodes van fondsinsameling toepas – stel dit asseblief aan die redaksie bekend. Die Stigting vir Gereformeerde Literatuur sal dit DV publiseer.

Ons deel met blydschap en dankbaarheid die volgende mee: Tot dusver is daar R32 000 in die rekening inbetaal. Dit is net groot skenkings: twee van tien-, een van vyf-, een van vier- en drie van eenduisend Rand. Verder is ‘n rentelose lening van meer as R33 000 beskikbaar gestel. Van die totale bedrag (R65 000+) is reeds uitgegee: R55 000 vir die biblioteek en R5 000 vir die eerste stel rakke.

Broeders is besig om die eerste vyftig lopende meter rakke te vervaardig. Hulle ontvang nou net die koste van die materiaal. Die vergoeding van hulle arbeid sal later volg. Daar is tans nog R5 705.96 in die bankrekening. Dié bedrag sluit ‘n bietjie rente in.

Die aksie vir die biblioteek is *nie ‘n kerklike onderneming nie*. Die Stigting vir Gereformeerde Literatuur funksioneer *in die amp van gelowiges*. Twee en dertig duisend Rand is amper een derde van die aanvanklike streefbedrag (R100 000). ‘n Gereformeerde teologiese inligtingsentrum in ‘n digbevolkte

‘dopperomgewing’ kan slegs tot seën wees vir die arbeid in die kerke en in die koninkryk van God.

Om hierdie rede versoek ons met vrymoedigheid: Organiseer die aksie ‘n rand per week vir die biblioteek’ in u amp van gelowige. Help ons met u Godgegewe rande om die erfenis wat aangekoop is, te plaas, beskikbaar te stel, uit te bou en te benut. Om die biblioteek so gou as moontlik bruikbaar te maak, bly ook *groot donasies* baie welkom.

Watter naam moet hierdie inligtingsentrum vir gereformeerdes kry? Dien maar voorstelle in. Die Stigting sal aan elkeen aandag gee en u voorstelle publiseer.

Bydraes kan regstreeks op die bankrekening gedeponeer word. Die gegewens is:

**Stigting vir Gereformeerde Literatuur**  
**Absa Ben Swartstraat Tak**  
**Wonderboom-Suid, Pretoria**  
**Takkode: 334 645**  
**Rekeningnommer: 90 7390 2771.**

Tjeks, uitgemaak aan die Stigting, kan gestuur word aan die administrasie-adres van *Waarheid en Dwaling*. Sien die gegewens op bladsy 2.

**Ek hou u DV reëlmatic op die hoogte van die vorderinge met hierdie saak wat ‘n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die gereformeerde lewe in ons land kan maak.**

In afwagting van u aksie,  
Namens die Stigting,  
Eindredakteur.

## STEMME UIT DIE VERLEDE

# STAATSLOTTERY

Dr JD du Toit (Totius)

**Totius het in *Die Kerkblad* van 1 November 1922 onder hierdie opskrif die onderstaande artikel gepubliseer. Ons kan dit vandag nog ter harte neem. Profetiese woorde verouder nie.**

Gebruikmaking van die lot is ‘n baie ernstige saak. Die christelike moraliste of sedeleraars het dit beskou as ‘n sterk godsdienstige handeling waarby feitlik plaasvind ‘n aanroeping van die Here se hoogheilige Naam. Vandaar dat hulle die onderwerp behandel onder die derde gebod.

Uit die Heilige Skrif is ons drieërlei soort lot bekend:

1. die lot van *voorspelling*,
2. die lot van *raadpleging* en
3. die lot van *verdeling*.

Die eerste het betrekking op toekomstige dinge. ‘n Voorbeeld van die loting vind ons in die raadpleging van die Urim en Tummim in die borslap van die hoëpriester (Num 27:21; Ex 28:30). Die tweede soort, naamlik die van raadpleging, vind

ons in die geskiedenis van Israel toe deur loting vasgestel is dat Agan diefstal gepleeg het by die inneming van Jerigo (Jos 7). Van die laaste soort lot, aangewend om tot verdeling of tot opheffing van ‘n geskilpunt of moeilikheid te kom, vind ons ‘n voorbeeld by die apostelkeuse, toe tussen Josef en Matthias geloot is (Hand 1:26). Dis die lot waarvan Salomo sê: ‘Die lot laat die geskille ophou en maak sterkes uitmekaar’ (Spr 18:18).

Nou was dit die gevoel van ons groot moraliste dat vir die christen nog net die laaste soort loting geoorloof is, naamlik die wat oplossing bring in gevalle waarin daar vir ons geen ander oplossing moontlik is nie. Die ander twee hoort spesiaal by die diens, deur God vir die Ou Bedeling ingestel. Van dié twee soorte lot kom daar dan ook in die Nuwe Testament geen voorbeeld voor nie. Dit is wel opmerklik.

Alleen van die lot van verdeling mag dus deur ons gebruik gemaak word en onder bepaalde voorwaardes: Daar moet geen ander weg oop wees om die moeilikheid op te los nie; waarby ons dan nog vermaan word om met eerbied en vrees tot die lot te nader, omdat loting feitlik bid is om 'n besondere openbaring van die Here se voorsienigheid. Ten laaste het ons sedeleraars nog gestel dat die lot alleen gebruik moet word by regverdige en geoorloofde, ernstige en belangrike sake. Ook hier geld die Skrifwoord: 'Die Here is naby almal wat Hom in waarheid aanroep' (Ps 145:18).

Uit hierdie kort oorsig van wat Gods Woord ons openbaar aangaande die lot, moet dit vir die leser al duidelik wees dat ons teenswoordige geldlotery 'n onnodige en ligsinnige spel is en sodanig deur Gods wet verbode. *Onnodig*, omdat hier geen geskil aanwesig is wat om dadelike oplossing roep nie. *Ligsinnig*, omdat die erns wat ons by die loting, net soos by die gebed, pas, ten enemale ontbreek.

Geldlotery is 'n *misbruik* van die lot: dis 'n ydellike gebruik van die Naam van die Here, 'n sonde dus teen die derde gebod.

Maar dis nie al nie.

Geldlotery ondermyn die ware godsdiens wat ons in die eerste gebod gebied word, deurdat in die plek van *die lewende God* geskuif word *die fortuin, kans, toeval* en deurdat die mens daarop sy vertrouwe stel in plaas van op die enige, waaragtige God.

Die hele toeleg van geldlotery is nie om in die weg van God se ordinansies, deur eerlike, deur God verordende arbeid nie maar om gou-gou, deur die grill van fortuin, geld te versamel en ryk te word.

Geldlotery weier dus om God te aanvaar as die Beskikker van ons lot. Dit stel 'n ander god op, en dié heet: fortuin. In die loting word dié god se naam aangeriep en van hom spoedige uitkoms verwag.

Geldlotery sondig ook teen die wet van die liefde, want dit spekuleer op die swakheid van die naaste, om sodoende jouself met dié se geld te verryk. Geldlotery ondermyn verder die burgerlewe, deurdat die mens afgetrek word van strenge, troue arbeid, om dit nou met die luitaards kwekende kansspel te probeer.

Eindelik lê daar 'n prikkel in om die mens nog meer te dryf en te jaag na 'n skat wat hy tog nie in die ware sin van die woord vind nie. Die stille lewe in huis en arbeid word verstoer en die wêreld nog onrustiger gemaak as wat hy reeds is.

Van watter kant 'n mens dan ook lotery sien – dit is en bly in

hoë mate 'n onsedelike en ongodsdienstige handeling, en dit betaam 'n christen nie om, in watter vorm dan ook, daaraan deel te neem nie.

Tog bly dié sonde voortwoeker in ons christelike maatskappy, en daar is christenlande waar die staatslotery al inheems is. Dieselfde sal met ons land gebeur as gehoor gegee word aan die stem van 150 000 mense wat onder ons by petisie om staatsloterye vra. Ook het invloedryke persone en korporasies hulle al ten gunste daarvan uitgespreek.

Nou weet ons dat daar sekere argumente gebruik word om die staatslotery by die mense aan te beveel en goed te praat, maar die argumente is konsensiepleisters.

Gewoonlik word beweer dat die mense tog speel, tog dobbel, en dat dit daarom beter is dat die staat dit reglementeer. Dan hou hy (die staat) sy burgers uit die kloue van geheime swendelaars, en hy gee aan die onderneming 'n behoorlike vastigheid.

Maar as mens op dié manier wil argumenteer – waar sal jy dan uitkom? Dan moet die staat ook maar die ontug reglementeer, want – dis dan die redenasie – die mense wil nou eenmaal ontugtig wees. Vir die publieke gesondheid is dit dan beter dat die staat kontrole hou ook oor die oneerbaarheid!

Nee, al sou die private loterye toeneem as daar geen staatsloterye is nie, dan nog mag die staat geen sondige voorbeeld gee nie. Maar die omgekeerde is waar – as die staat voorgaan, sal die burger in sy private of halfprivate lewe des te harder volg.

Die oorsprong van staatsloterye is dan ook nie die toeleg om die volksonde van speelsug en hebsug te beperk nie, maar (net soos by ons) was die bedoeling om die staat uit finansiële nood te help.

'n Ander argument is dat die geld van dobbelaars na die buiteland gaan as die staat self waartoe hulle behoort, geen lotery instel nie. Maar as die owerheid die geld binnelands wil hou, dan kan hy tog waarlik ander maatreëls tref om sy doel te bereik! Deur sonde by sonde te doen kom ons geen stuk verder nie.

Ons volk het waarlik in die laaste tyd genoeg gesak, sodat dit nie nodig is dat die staat die sedelike bewussyn nog meer sal bederf deur hom te bemoei met hasard- (kans)spel nie.

Ons hoop dan ook dat daar van die kerke insonderheid 'n kragtige protes sal uitgaan teen die voorgestelde legitimering en reglementering van die spelsonde deur die staat. Dié sonde sal 'n oorsaak te meer wees waarom die toorn van God van die hemel oor ons openbaar sal word.

## PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

### PU sonder CHO?

Mnr Theo Venter, 'n dosent in politieke studies, voorsitter van die Institusionele Forum, lid van die raad van die Puk en transformasiespesialis skryf in *Beeld* van 29 November 2001 oor die voortbestaan van die PU vir CHO. Hy meen dat die PU vir CHO op die vooraand van nuwe uitdagings staan, en dat die aanstelling van dr Theuns Eloff as rektor 'n simboliese nuwe fase inlui. 'Dalk is dit nou tyd dat die Puk se naam verander.'

Mnr. Venter verwys in sy artikel eerstens na die vraagstukke wat in 1995 oor die transformasieproses aan die Puk geïdentifiseer is:

*Vraagstuk 1: die Christelike karakter van die Puk. Daar is sterk steun vir die behoud van die karakter, maar ook skerp kritiek teen die status quo omdat dit as eksklusief, ontoeganklik en rigied ervaar word.*

*Vraagstuk 2: die taalbeleid van die Puk. Daar is groot*

ondersteuning vir die gediversifiseerde taalbeleid met Afrikaans as dominante taal, maar skerp kritiek teen die uitsluitende karakter van Afrikaans en die institusionele dominansie daarvan.

Vraagstuk 3: toeganklikheid. Daar is die mening dat die Puk baie toeganklik is, maar ook skerp kritiek op subtiele uitsluitingsmeganismes.

Vraagstuk 4: transformasie. Daar is erkenning vir die vordering met transformasie, maar skerp kritiek omdat daar weinig vordering was met die bemagtiging van vroue en mense van kleur.

Vraagstuk 5: universiteitsbestuur. Daar is kritiek op die samestelling van die raad van die universiteit omdat dit nie verteenwoordigend is nie.

Vraagstuk 6: finansiële uitsluiting. Daar was veral kritiek op die uitsluiting van studente wat betref die betaling van universiteitsgelde, maar ook erkenning van die waarde van konserwatiewe finansiële bestuur.

Sedert 1995 is talle van die vraagstukke volgens mnr Venter aangespreek. Baie vordering is gemaak ten opsigte van die herstrukturering van die raad van die Puk, asook die universiteit se finansiële posisie. Maar wat van die ander vraagstukke? Mnr Venter skryf: *Onder die rektorskap van dr Theuns Eloff is die Puk nou gereed vir tweedekurwe-denke, met ander woorde dié soort ontwikkeling en vordering wat voortbou op die universiteit wat prof. Carools Reinecke nalaat.*

In verband met die 'tweedekurwe-denke' stel mnr Venter die volgende vraag:

*Wat van 'n naamsverandering vir die Puk?*

*Die PU vir CHO sien hom graag as 'n karakter-universiteit – hy bied die normale dienste van 'n universiteit, maar sy toegevoegde waarde is dat hy 'n bepaalde lewensbeskouing aanhang en bevorder.*

*Daar is 'n debat of dit gangbaar is vir 'n universiteit wat grootliks met staatsgeld gesubsidieer word om 'n karakter-universiteit te wees in die nuwe konstitusionele bedeling in Suid-Afrika, maar die debat is nie werklik in die howe getoets nie. Op 'n manier is alle universiteite in die land karakter-universiteite omdat almal een of ander waarde-oordeel uitdra, al word dit formeel ontken.*

*Dit is in dié konteks wat die PU vir CHO homself moet afvra of die 'CHO' in sy naam nog sinvol, betekenisvol of nuttig is. Sou die Puk enigiets inboet as hy hom net die Potchefstroomse Universiteit noem? Dit is 'n hoogs emosionele aangeleentheid vir Pukke en oud-Pukke, maar dit is die soort vrae wat deel is van tweedekurwe-denke.*

- 'n Naamsverandering sal sterk simboliese waarde inhou ten opsigte van 'n bereidwilligheid om te verander, in die lig van persepsies by veral die regering dat die Puk hom nie aan transformasie steur nie.
- Dit sal op 'n strategie van buigsamheid en stylverandering dui.
- 'n Naamverandering sal erkenning verleen aan 'n volwasse en geïnstitusionele karakter van die universiteit.
- Dit sal op stylverandering dui van 'n instelling met selfvertroue wat nie 'n 'agtervoegsel' nodig het nie.
- Dit sal die Puk binne die nasionale onderwysplan plaas op 'n wyse wat die uitvoering van die plan net ten goede sal wees.
- Dit sal die Puk nuut posisioneer in 'n globale wêreld.
- Die statute van alle universiteite (behalwe Kaapstad) moet

*weer aangepas word ingevolge wetgewing en die kwessie van die Puk se naam en karakter sal dan waarskynlik weer ter sprake kom.*

- Die Puk het al voorheen sy naam verander toe daar van owerheidsweë min simpatie vir die Christelike karakter was (ná 1916).
- Die huidige naam bestaan sedert 1951 en word ten nouste (en soms verkeerd) verbind met 'Christelike nasionale onderwys' en die gepaardgaande politieke assosiasies.

Op 30 November 2001 reageer professore Dries du Plooy, Fika J van Rensburg en Paul Krüger van die Teologiese Skool Potchefstroom onder die opskrif 'Die Puk transformeer na Christus toe' soos volg op die berig van mnr Venter (Berig 18, TSP):

*Ons het met misnoeë die artikel van Theo Venter (Beeld 29 November, p. 21) oor die Christelike karakter van die Puk gelees. Hy sny komplekse sake op 'n simplistiese wyse aan, en dit lyk asof daar politieke motiewe agter skuil. Die koppeling van die skrywer se standpunt aan die nuwe bedeling by die Puk vanweë die nuwe rektor, asook die prominente plasing van die foto van dr Eloff by die artikel, wek die indruk asof die koms van die nuwe rektor die einde van die 'van' van die Universiteit moet wees.*

*Die artikel handel oor sake waarvoor intense diskussie binne die Universiteit reeds 'n geruime tyd plaasvind. Die geldigheid van die eie institusionele karakter van hierdie universiteit (waaronder sy Christelike grondslag) is besleg, nie net by sy ondersteuningsgemeenskap nie, maar juis ook juridies. Selfs wêreldwyd word die bestaan van karakteruniversiteite toenemend waardeer en erken.*

*Synde teoloë kommentareer ons ook op die skrywer se poging om sy transformasie Bybels te regverdig: Paulus het geen naamsverandering ondergaan nie: hy het 'n Hebraeïese naam (Saulus) gehad, en 'n Grieks-Latynse naam (Paulus) (Hand 13:9). 'n Christen se roeping is juis om soos Paulus in alles (ook dus in die wetenskap) na Christus toe te transformeer. Daarom word daar binne die Universiteit groot erns gemaak met die eie institusionele karakter van die Universiteit. Kragtens ons Christelike beginsels gee die Puk ook ernstig aandag aan die Grondwet van die RSA, aan die Wet op hoër onderwys, en aan die nasionale plan vir hoër onderwys van die minister.*

Enkele maande gelede is daar in *Waarheid en Dwaling* reeds 'n artikel oor die toekoms van die Puk onder leiding van dr Eloff gepubliseer. Die betrokke artikel het verskeie reaksies uitgelok, onder andere dat dit voortydig is om allerlei aannames oor dr Eloff se beplande optrede te maak. Nou moet daar egter - niteenstaande die teologiese professore se misnoeë - in alle billikheid gevra word: Wat van mnr Venter se uitlatings? Dit dui op 'n bevestiging en verdere inkleding van dr Eloff se visie vir die Puk. Die teenoorgestelde sal bewys moet word.

Mnr Venter noem dat die eventuele weglating van CHO 'n hoogs emosionele aangeleentheid vir Pukke en oud-Pukke sal wees. Dit is 'n halwe waarheid. Buiten dat daar emosie ter sprake is, gaan dit oor 'n beginsel. Is 'CHO nog sinvol, betekenisvol en nuttig'? Ja, dit is! PU sonder CHO is wesenlik anders as PU vir CHO. CHO gee uitdrukking aan wat ons glo. Dit is ons fondament. Maar dan moet die PU ook werklik CHO wees, en vrugte van CHO oplewer. Vanuit die Puk moet kundige jong broeders en susters die arbeidsmark betree wat in hulle werksituasie daadwerklik diensbaar in God se koninkryk kan en wil en sal wees. Mag God gee dat ons nie van ons geloofsbasis vervreemd raak nie.